## 'n Gebed van dankbaarheid en verwondering

**V**ader, my innige gebedsgemeenskap met U
    is op grond van my *verdienste!*
Ek verskyn voor U in vrymoedigheid,
    omdat ek sondeloos en volkome gehoorsaam is;
Vader, kyk na U boeke, as ek só voor op die wa mag wees.
    Dan sal U sien dat wat ek sê die wáárheid is.
        *Sien U? Daar is 'n fabelagtige batige saldo op my rekening!*

Ek dank U
    vir die volmaakte getrouheid van *"die Laaste Adam"*
        aan sy **werkverbond**
            — dat Hy in elke opsig gehoorsaam was daaraan.
Uit my hart dank ek U weer en weer,
    sonder om moeg te raak daarvoor:
        vir sy *passiewe gehoorsaamheid*,
            en vir sy *aktiewe gehoorsaamheid*.
Dankie vir eersgenoemde, wat my geregtigheidsaldo in U rekeningeboek
    van 'n noodlottige oortrekking na nul toe gelig het.
Dankie vir laasgenoemde,
    wat my status in U boeke vanaf nul na skatryk gelig het.

Ek prys U Naam
    dat ek nie net *vrygespreek* is nie,
        maar dat ek ook *geregverdig* is

My hart is vervul met verwondering:
    Tot in ewigheid sal ek nie weer verarm nie.
My geregtigheidsfortuin by U is onvervreembaar en vir ewig agter slot en grendel.

Weer en weer sal ek met die grootste vrymoedigheid voor U kan verskyn,
    want tussen ons is daar nou 'n **genadeverbond**!

Maar, ag, as ek maar kan klaar kry met die *oorblywende sonde!*
As ek maar my suigelingskap kan ontgroei en mondig word.
Ek begeer om U nie so dikwels te onteer nie.
Die aanklagte en verleidinge van die *duiwel*,
    en die verlokkinge van die *wêreld*,
        en, ergste van alles, die verlustiginge van die *vlees*
            hou my so besig
                en bedroef U Gees male sonder tal.

My bergpad is smal
    en dikwels uitmergelend steil
        en die afgronde is angswekkend diep
            en, gevaarlikste van alles, is die afdraendes.

Maar op die lange duur kronkel my bergpad opwaarts, opwaarts.
En in genade-oomlikke, as die wolke wegtrek, sien ek die piek met geloofsoë.
Daar by die podium wag Ú vir my
    en in U hand (sien ek reg? Ek is seker daarvan!)
        is die goue trofee met daarop gegrafeer:

*"VIR EWIG GELYKVORMIG AAN DIE BEELD VAN CHRISTUS!"*